

## Verander só van fonds

### Maar jy kan tot 12 mde wag op mediese dekking

Letitia Watson

Saterdag 12 Julie 2014



Koste en voordeelplanne laat menige mediese fondslid kyk of die gras aan die ander kant van die draad groener is.

As jy jou vir die eerste keer by 'n mediese fonds aansluit of van een fonds na 'n ander skuif, kan daar wagtydperke van tussen drie en 12 maande wees waarin jy nie eise kan indien nie en geen voordele uitbetaal word nie.

Hoe raak dit jou as jy van fonds wil verander of vir die eerste keer aansluit?

#### **Kennisgewingstydperk**

Kennisgewingstydperke word in die mediese fonds se reëls uiteengesit en moet nagekom word.

Die meeste fondse s'n is drie maande, maar dit kan ook langer wees. In sommige situasies kan die lid wel daarvan kwytgeskeld word.

“Daar is gewoonlik geen boete- of kansellasiegelde as kennis in die toepaslike tyd gegee word nie. Die lid is in dié tydperk steeds geregtig op volle voordele omdat bydraes betaal word,” sê Gavin Griffin, hoof van Aon Hewitt se gesondheidsorgafdeling.

#### **Wagtydperke**

Die algemeenste wagtydperk wat fondse instel vir nuwe lede, is drie maande. Hoewel bydraes betaal moet word, word mediese uitgawes nie gedek nie.

As 'n lid van een fonds na 'n ander skuif, word sekere prosedures asook die 26 voorgeskrewe minimum voordele (VMV's) vir chroniese toestande en medikasie wel binne die drie-maande- wagtydperk gedek.

Daar mag trouens geen beperkings, uitsluitings of bybetalings vir VMV's wees nie, mits die dienste deur staatshospitale of die fonds se voorkeur-diensverskaffers gelewer word.

As iemand nog nooit lid van 'n fonds was nie of vir langer as 90 dae nie lid was nie, word VMV's egter nie in die wagtydperk gedek nie.

Daar is dikwels nie 'n algemene wagtydperk van toepassing as 'n werkgewer meer as een mediese fonds aan werknemers bied en 'n werknemer na 'n ander fonds binne die maatskappy oorskakel nie, sê Griffin. Dit word gewoonlik 'n gedeelde-risiko-reëling genoem.

#### **Langer wagtydperke**

Deon Heydenrych, senior korporatiewe konsultant van Optivest Health Services, waarsku dat langer wagtydperke, van tot 12 maande, ingestel kan word vir bestaande chroniese toestande, byvoorbeeld hipertensie, cholesterol, asma en diabetes.

Dieselfde wagtydperk geld ook ander spesifieke toestande soos rugoperasies en swangerskap.

#### **Pasop vir inbetalings**

“As 'n mediese fondslid in die middel van die jaar van fonds verander, sal hy dalk 'n stewige inbetaling moet doen as hy die fonds se vooruit beskikbare spaarvoordele opgebruik het,” sê Griffin.

Dié bedrag moet betaal word voordat die lid na die nuwe fonds kan skuif.

'n Leser skryf dat sy van haar fonds na 'n nuwe werk se fonds geskuif het en hoewel die fondse dieselfde administrateur het, moes sy 'n aansienlike bedrag inbetaal.

Heydenrych bevestig dat sulke inbetalings inderdaad van toepassing kan wees as iemand van 'n oop fonds (waarby enigiemand kan aansluit) na 'n meer omvattende geslote fonds (wat net beskikbaar is vir 'n spesifieke groep, byvoorbeeld 'n maatskappy se werkers) skuif. "Alle geslote fondse is duurder as oop fondse, maar die voordele is meestal beter. Dit is die rede hoekom sy meer moes betaal."

### **Vermy wagtydperke**

As lede net na 'n ander opsie in dieselfde fonds skuif, vermy hulle wagtydperke. So kan hulle hul koste verlaag deur 'n goedkoper opsie te kies of meer voordele kry deur na 'n meer omvattende opsie op te gradeer. Opsie-aanpassings kan nie sommer eensklaps gedoen word nie.

### **Wanneer is die beste tyd?**

Volgens Griffin is dit die beste om aan die einde van die jaar van mediese fonds te verander.

Die algemene risikovooredele op 'n mediese fonds word per jaar gebied, byvoorbeeld R2 400 per jaar vir akute medikasie. Die voordele word dan proporsioneel vir die res van die jaar aangepas.

<http://www.beeld.com/sake/2014-07-12-verander-s-van-fonds?vc=e70f715a13e7bad9cfc75c4945c66220>